Jou “doopnaam” is die bevestiging (teken/bewys) van die nuwe lewe wat net God aan jou gee! Dra jou nuwe naam met opregte geloof!

Vooraf sang
Ps. 92 – 1: 1,2
Lied 199: 1,3
Lied 287: Beurtsang: vers 1(almal), 2 (brs), 3 (srs), 4 (almal)

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 9 – 1: 1,10
Votum;
Seëngroet;
Loflied: Ps. 84 – 1: 1,3
Geloofsbelydenis: Heidelbergse Kategismus: Sondag 20
Sing Skrifb 8 - 3

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Mat. 22: 34 - 40;
Sing Ps. 119 – 2: 16,17,19
Gebed

Sakramentbediening
Doopformulier
Sing na die doop Ps. 105 – 1: 5.

Woorddiens
Skriflesing: Genesis 17
Teks: Gen 17: 1, 5 en 15
Sing Ps. 33 - 1: 2
Woordbediening.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Sb 15 – 7: 5,6;
Seën;
Sing Amen Sb 13 – 1.

Geliefde br en sr en kinders

Wat is jou doopnaam of doopname? Gewoonlik antwoord mense op hierdie vraag deur hulle volle name te gee soos dit deur hulle ouers vir hulle gegee is en by Binnelandse Sake op hulle ID aangebring is.

Maar dit is eintlik nie die regte antwoord nie! Die doop het niks te doen met die name wat jou ouers vir jou gegee het nie. Die doop het te doen met die naam wat God vir jou gegee het. Die Doop is die teken, die bewys en die bevestiging dat God aan jou ŉ nuwe naam gegee het.

Net soos die Here Abram en Sarai se name verander het sodat dit ŉ teken kon wees van wat God alleen in hulle lewe sou doen! Hulle naamsverandering was ŉ teken dat God mense se lewens ingrypend verander! Hulle het ŉ verandering ondergaan – nie net ŉ naamsverandering nie – maar ŉ totale verandering in lewensstatus, lewensrigting en lewensroeping.
Ons sien dit ook by ander mense in die Bybel gebeur. Jakob se naam word verander na Israel. Simon word Petrus, Saulus word Paulus – nuwe name as teken van die ingrypende lewensverandering wat God in ons lewe bewerk!

Br en sr, dit is wat gebeur wanneer God met die mens ŉ verbond sluit. Jou hele lewensbestaan verander. Die betekenis van jou bestaan, die doel van jou bestaan en die eindpunt van jou bestaan word verander. Ja, God verander ons lewens soos Hy Abram en Sarai se name verander het.

Ons tekshoofstuk handel - soos Genesis 15 - oor die verbond wat God met Abram gesluit het, maar hier in hf 17 kom ‘n nuwe dimensie by. In Genesis 15 gaan dit oor die verbondsluiting self. Dit gaan oor God wat die inisiatief neem en wat Abram roep en aan Hom vaste verbondsbeloftes gee!

Hier in Gen. 17 beklemtoon God die effek wat hierdie verbond met Hom in die lewe van mense het. En daarom is die tema van die prediking vanmore:
God alleen gee jou ‘n nuwe lewe – leef die nuwe lewe getrou uit!
Dra die nuwe naam wat God jou gegee het, wees die nuwe mens wat God jou gemaak het!

Hoekom vanmore hierdie boodskap? Want, geliefdes, vanweë die sondeval het ons die natuurlike geneigdheid om onder ‘n skuilnaam te wil leef. Kinders: skuilnaam is ŉ denkbeeldige naam wat iemand vir homself gee omdat hy of sy nie hulle ware identiteit wil bekend maak nie. Soos in verhale of TV- stories waar iemand ‘n dubbele lewe lei. By sy familie en vriende word as Jan geken, maar tussen sy kollegas is hy Fanie. Want by die werk leef hy ‘n ander lewe as by die huis. Tussen sy vriende of op die sportveld is hy ‘n ander mens as by die kerk of tussen familie.

Hier dra hy dalk die naam Christen, maar op ander plekke wil hy nie so geken word nie. Dan pas dit hom nie om bekend te wees as iemand wat God dien nie.

Brs en srs, lewe ek en jy nie ook soms ook onder 'n skuilnaam nie? Daar kom tye en geleenthede dat ons ons skaam vir ons nuwe naam en eerder onder 'n skuilnaam bekend wil wees. Daar kom tye in ons lewe wat ons dade nie ooreenstem met die naam wat God ons gegee het nie en dan lei ons eintlik 'n dubbele lewe!

Daarom moet ons vanmore weer opnuut hoor: God het aan ons 'n nuwe naam gegee naamlik: Ons is God se Verbondsvolk of in terme van die Nuwe Testament: ons is Christene – ons dra die Naam van ons Koning Jesus Christus . En ons moet hierdie naam gestand lewe! Ons moenie 'n dubbele lewe lei nie ! Ons moet wees wat God ons noem en hoe God ons lewens verander!

Dit leer die Here ons met die naamsverandering van Abram en Sarai. Kom ons kyk hoe die boodskap ontvou:
God sluit in Gen 15 met Abram – en dus ook met ons – sy verbond of ooreenkoms. Uit genade en liefde beloof God om vir ons 'n God te wees, Dat Hy ons sal red en vir ons sal sorg. So beloof Hy dan ook aan Abram dat Hy hom ryklik sal seën. Abram en ons verantwoordelikheid as deel van hierdie verbond of ooreenkoms, is dat ons God moet gehoorsaam en Hom moet dien.

Hierdie verbond, geliefdes, is die nuwe omstandigheid waarbinne God ons geplaas het. Deur Hom aan ons en - soos Genesis 17 openbaar - ook ons kinders te verbind, bring God ons in 'n besondere verhouding met Hom. God bring ons deur die geloof in Christus en deur die gawes van die Heilige Gees wat Hy aan ons skenk, ons lewe op 'n totaal nuwe koers. In plaas daarvan dat ons lewe sinloos afstuur op die ewige dood, stuur dit nou af op die ewige heerlikheid by God.

En geliefdes, hierdie nuwe lewensdoel en rigting – verander my! Dit het 'n vernuwende uitwerking op my as mens! Dit maak van my 'n nuwe mens met n nuwe naam! En ons sien vanmore op die wyse pad wat God met Abram en Sarai handel.

Met die verbondsluiting in Gen 15 belowe God aan Abram dat Hy hom 'n groot en geseënde nageslag sal gee. Maar Abram en Sarai het dit nie kon glo nie! Hulle was oud en hulle was kinderloos en dit was menslik onmoontlik dat hulle 'n kind kon kry!. Daarom - na 10 jaar se gewag - besluit hulle dat hierdie belofte van God nie sal gebeur nie. Sarai gee haar slavin Hagar sodat Abram by haar 'n kind vir hom as nageslag kan verwek. En Ismael word gebore – die kind van 'n slavin.

Hier in Gen. 17 – drie jaar na die geboorte van Ismael - kom die Here weer om die belofte van 'n seun en 'n nageslag te gee, maar ons lees in Gen 17:17 dat Abram

steeds ongelowig bly! Hy lag eintlik oor die belofte want volgens sy menslike oordeel is dit tog nie moontlik nie – Sarai is te oud.

Hy vra dan die Here in sy ongeloof in vers 18 of die Here dan nie maar vir Ismael wil seën nie? Wil die Here dan nou maar nie die plan wat hy en Sara in hulle ongeloof gemaak het, seën nie! Maar die Here sê: nee! Sarai sal ‘n seun in die wêreld bring en sy naam sal Isak wees en deur Hom sal God se beloftes vervul en sal Abram ŉ geseende nageslag ontvang.

Want sien ,brs en srs, Abram en Sarai het nog nie verstaan dat God dinge kan doen wat die mens nie kan doen nie! God se getrouheid en die vervulling van sy beloftes is wat jou lewe verander – dit kom nie uit getrouheid of jou krag nie! God allen kan dit doen!

Dit openbaar die Here baie duidelik in Gen. 17: 1. Hy verskyn aan Abraham met die woorde: “Ek is God, die Almagtige”. Die Godsnaam wat hier gebruik word – El Shaddai – word in die Bybel in verband gebring met God se ongelooflike skeppingsmag! Dat God alleen die vermoë het om uit niks iets te skep! Uit die menslike onmoontlikheid van twee ou mense wat nie meer kinders kan kry nie -sal God nuwe lewe skenk! Hy alleen kan nuwe lewe gee! Ook ŉ nuwe geestelike lewe in die hart van sondaarmense!

En om dit te verstaan en sy beloftes te bevestig verander die Here hulle twee se name: Abram se naam word verander na Abraham. Abram beteken: “My vader is belangrik” maar Abraham beteken : “vader van baie”. Abram moet nie op homself vertrou nie, hy moet nie met menslike oë kyk na God se beloftes nie – nee – hy moet sy vertroue op God stel en met geloofsoë na God se beloftes kyk. God kan die onmoontlike doen!

Sarai se naam word verander na Sara. Albei name beteken “vorstin” of “koningin” maar Sara is die jonger dialektiese weergawe in Hebreeus as die ouer taalvorm Sarai! En dit is wat God vir haar wil leer – God maak jou iets wat jy nie uit jouself kan word nie.! God maak jou ‘n nuwe mens – teen jou natuur in. So kan God aan ‘n ou vrou ‘n kind teen die mag van die natuur gee! Daar is nuwe lewe vir Sara – nuwe hoop!

Ook die naam wat die Here vir die kind gee het diepe betekenis. Isak beteken : “hy lag” Daarmee wou die Here altyd vir Abram en later ook so vir Sara herinner dat hulle gelag het toe God die beloftes gemaak het, maar God het dit vervul! Daarmee wou die Here ook vir hulle sê: In Isak sal daar vir julle vreugde en ‘n nuwe lewe wees!
Want in Isak sal die nageslag geseën wees, uit hom sal die Verlosser gebore word – Jesus Christus ons Here! Hy wat ons lewens ingrypend kom verander het deur sy lewe vir ons af te lê sodat ons ŉ nuwe naam kan kry: dat ons kinders van God

genoem kan word. Hy in Wie ons glo en wat ons Verlosser is. Hy in Wie se naam ons en ons kinders gedoop word. Die Doop is die teken en bewys, die bevestiging dat God ons ŉ nuwe naam en ŉ nuwe lewe gegee het!

Ja ook ons kinders deel in die belofte van ŉ nuwe lewe! Daarom stel die Here hier in Genesis 17 die teken van die verbond met Abraham in. Kinders van verbondsouers moes ŉ teken ontvang van die nuwe lewe wat God vir hulle gee! Die besnydenis was die teken van bloed waarmee God bevestig: Hy alleen kan aan jou nuwe lewe gee! En nadat Christus sy bloed gestort het – stel Hy die teken van water in! Water – tekenend van die nuwe lewe omdat Hy reeds ook vir kinders hulle sonde betaal het!

Jesus Christus, br en sr, in wie ek en jy glo! In Hom is ons nuwe mense! Hy is die Verbondsmiddelaar wat ons lewe van die dood gered het en wat jou lewe sinvol en betekenisvol maak. Hy wat belowe het dat Hy weer kom om jou saam met Hom in die ewigheid te neem! Deur Hom word jy nou vernoem vanaf “verlore sondaar” tot “kind van God” Van slaaf tot Koningskind!

In Hom oorwin ons oor ons sonde! In Hom verander ons lewe van liefdeloos na liefdevol. Hy verander deur sy Gees ons geestelike lewe van onvrugbaarheid tot mense wat vrugte van geloof dra! Hy verander my dat ek my van ongehoorsaamheid tot gehoorsaamheid bekeer! Dat ek my lewe ten volle in sy hand vertrou!

Geliefde brs en sr, dra jy jou doopnaam of wil jy nog onder ‘n skuilnaam leef? As jy nog wil wegkruip onder ‘n skuilnaam beteken dit net een ding: soos Abram en Sarai, vertrou jy God nie volkome nie! Jy glo nie dat Hy sy beloftes aan jou sal waar maak nie! Jy dink nie dat God by magte is om jou in moeilike situasies te help nie! Jy dink nog jy sal self moet regkom!

Nee, geliefdes, jy is nie meer ‘n verlorene sondaar nie! God het jou in Christus gered en het jou ŉ nuwe naam gegee: ek en jy is nou Verbondskind, jou Naam is Christen!

Dra hierdie naam in die geloof! Dit is wat God weer vir Abraham in Gen 17: 1 leer! Daar sê die Here vir hom: lewe naby my en wees opreg! Dit is hoe jy jou nuwe naam moet dra!

Nicolaas en Jorette: dit is hoe julle vir Ziané moet leer om haar doopnaam te dra! Dat julle – en elkeen van ons br en sr, naby aan die Here moet leef! Dat julle en ons ons vertroue ten volle op God moet stel met opregte geloof! Dat ons moet glo en weet dat God alleen die onmoontlike gedoen het om in Christus aan ons ŉ nuwe lewe te skenk. En net so belowe die Here dat Hy ook die dinge wat vir ons onmoontlik lyk in ons lewe,d at God dit kan verander!

Dat ouers hulle kinders kan grootmaak met die wete: die Here sal sorg! Al lyk omstandighede in ons land hoe sleg en al lyk die toekoms vir ons hoe onmoontlik! Onthou: God is El-Shaddai – Hy kan en sal vir sy kinders ŉ toekoms skep – Dit is wat die verbond met God en die teken van die Doop beteken!

Want ons lees in Open 2:17 dat die Here Jesus ook belowe: hulle wat hier op aarde getrou aan hulle naam lewe – sal weer 'n nuwe naam ontvang! Die naam van volmaaktheid in Christus. Die naam van getrouheid en standvastigheid.

Geliefdes, God se verbond het ons lewe verander. Die teken van die doop het ons vanmore weer daaraan herinner - kom ons dra hierdie naam met opregte geloof en lewe ŉ lewe naby aan God sodat almal kan weet: ons behoort aan Hom!

Amen